



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA
Sinode van Wes-Kaapland

SINODALE KANTOOR

De Langestraat 5
BELLVILLE
7530

Privaat sak X8
BELLVILLE
7535

PBO: 9300 13251

T 021 957 7100

E ngkadmin@kaapkerk.co.za

www.kaapkerk.co.za

10 Oktober 2018

Omsendbrief 1

Die voorsitter van die kerkraad

GELOOFSBRIEF

SINODESITTING: 13 TOT 17 MEI 2019

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-Kaapland) vergader DV van Maandag 13 tot Vrydag 17 Mei 2019. Kerkrade sal mettertyd meer spesifieke inligting oor die sinodesitting ontvang. Die doel van hierdie skrywe is om die amptelike geloofsbrief aan die kerkraad te voorsien.

1. KEERDATUM VIR DIE GELOOFSBRIEWE

1.1 Die keerdatum vir die inlewer van die geloofsbrief is **Dinsdag 12 Februarie 2019**.

1.2 **Reglement 2** (Reglement van Orde) bepaal:

6.4 *Sinode*

6.4.1 *Die geloofsbriefe van alle afgevaardigdes moet minstens **drie maande** voor die aanvang van die vergadering deur die skriba van die moderamen ontvang word.*

1.3 Gebruik asseblief slegs die ingeslote geloofsbrief en stuur (pos of e-pos) dit aan die kantoor van die skriba van die moderamen, per adres **Sanet Gunter**:

Pos: Privaat sak X8, Bellville, 7535

E-pos: skriba@kaapkerk.co.za

1.4 Kerkrade word dus vriendelik versoek om hulle vergaderings so te reël dat die afgevaardigdes voor **Dinsdag 12 Februarie 2019** formeel aangewys kan word. Dit beteken dat sommige kerkrade al in die vierde kwartaal van 2018 die aanwysiging sal moet doen.

2. AFGEVAARDIGDES

Hou asseblief die volgende in gedagte by die kies van die gemeente se **afgevaardigdes**:

2.1 'n Sinodesitting is 'n vergadering van gemeentes. Dit is dus 'n belangrike geleentheid waar **leiers van gemeentes** bymekaarkom. U word aangemoedig om die werklike leiers in die gemeente vir hierdie afvaardiging te oorweeg.

2.2 Meer as 50% van die kerk se lidmate is **vroue**. Hou spesifiek in gedagte dat ons strewende na geslagsgelykheid in die kerk, ook as dit kom by die samestelling van die afvaardiging.

2.3 Dit sal goed wees as die **jong lidmate** van ons kerk ook goed verteenwoordig word.

2.4 Neem in ag dat ATKV Goudini Spa (waar die sinodesitting gehou word) steil bulte en **baie trappies** het. Alhoewel ons spesiale reëlings vir gestremdes gereed het, sal jonger en fikser afgevaardigdes die steiltes en afstande minder uitdagend vind.

2.5 Alle predikante – wat **amptelik bevestig** is in 'n gemeente (insluitend predikante in tentmakerposte of vaste termynposte) – word as predikante afgevaardig. As daar nie 'n predikant in die gemeente is nie, kan 'n ouderling of diaken in sy of haar plek afgevaardig word (*Kerkorde* Artikel 33.1.2).

- 2.6 Vir elke predikant wat afgevaardig word, word daar ook 'n kerkraadslid (ouderling of diaken) afgevaardig. Daar moet dus ewe veel predikante en kerkraadslede wees.
- 2.7 Vir elke afgevaardigde moet daar 'n **sekundus** aangewys word. Ouderlinge of diakens word ook as sekundi vir die predikante aangewys.
- 2.8 Indien 'n afgevaardigde tydens die sinode vervang word deur 'n sekundus, moet hy/sy (ter wille van die akkommodasie) verkieslik deur iemand van **dieselfde geslag** vervang word. Dit beteken ook dat wanneer egpare afgevaardig word, hulle vir die hele duur van die sinodesitting moet bly.
- 2.9 Kerkrade word ook versoek om, indien enigsins moontlik, die afwisseling van afgevaardigdes sover moontlik te beperk. Kerkrade staan self vir die koste in indien afgevaardigdes vervang/afgewissel word. So 'n praktyk word egter nie aanbeveel nie, want kontinuïteit is van groot belang.

Reglement 25 (Reglement vir die funksionering van die sinode) bepaal onder andere:

- 2.1 *Die kerkraad van elke gemeente vaardig die predikante in sy diens af, saam met 'n gelyke aantal ouderlinge/diakens.*
- 2.2 *Indien geen ouderling of diaken as afgevaardigde beskikbaar is nie, kan 'n kerkraad een amptelike waarnemer van die gemeente op koste van die sinode stuur. So 'n amptelike waarnemer het wel spreekreg, maar nie stemreg nie.*
- 2.3 *Die sinode dra die koste van die afgevaardigdes.*
- 2.4 *Vir elke afgevaardigde word 'n sekundus aangewys. Die primarius- en sekundusafgevaardigdes mag mekaar tydens die sinode afwisselend vervang, behalwe waar 'n tugsak aan die orde is. Waar een afgevaardigde deur 'n ander vervang word, moet die betrokke kerkraad self vir die addisionele koste instaan.*
- 2.5 *Indien 'n afgevaardigde sonder geldige verskoning die sitting van 'n sinode nie bywoon nie, sal die betrokke kerkraad verantwoordelik gehou word vir die volle koste van die afgevaardigde (dit sluit verblyf, etes en administrasiekoste in).*

3. SELFONE EN E-POSADRESSE

Ter wille van die kommunikasie met die oog op die sinodesitting word afgevaardigdes se selffoonnommers en e-posadres ook op die geloofsbrief gevra. Dit help as hierdie inligting so duidelik as moontlik ingevul kan word.

4. VERBLYF

- 4.1 Die sinodesitting word by die ATKV Goudini Spa gehou. Daar is egter nie genoeg slaapplek in die rondawels en chalets nie. Afgevaardigdes wat bereid is om met hulle eie karavane in ATKV Goudini Spa se karavaanpark te kom staan, word dus hartlik aangemoedig om dit te doen.
- 4.2 Saam met die geloofsbrief is daar 'n vorm waar die gemeente se afgevaardigdes kan aandui as hulle met hulle eie karavaan sou wou kom. Dui ook aan hoeveel persone bereid is om die karavaan te deel en watter afgevaardigdes dit gaan wees.
- 4.3 Afgevaardigdes wat karavane beskikbaar stel, word vergoed teen R200 per dag vir elke afgevaardigde wat in die karavaan geakkommodeer word.
- 4.4 Egpare (veral ook as hulle uit verskillende gemeentes afgevaardig word), moet asseblief duidelik aantoon dat hulle 'n egpaar is en 'n kamer wil deel.
- 4.5 Afgevaardigdes moet asseblief nie eie verblyf reël nie. Indien 'n afgevaardigde aandring op eie luukser verblyf buite Goudini, sal hy/sy self vir die volle koste van die verblyf verantwoordelik wees. Die skriba van die moderamen moet egter steeds van die bespreking bewus wees, sodat verblyf nie in Goudini gereël word nie.

5. REISKOSTE

- 5.1 Die reiskoste na die sinodesitting sal vergoed word teen die heersende sinodale tarief in 2019. Dit is tans R2,50 per kilometer vir predikante wat 'n reistoelaag ontvang en R3,00 per kilometer vir afgevaardigdes wat nie 'n reistoelaag ontvang nie.
- 5.2 Let egter daarop dat die sinode slegs een voertuig per gemeente se reiskoste sal vergoed, behalwe as daar meer as vier afgevaardigdes is en daar noodgedwonge van meer as een voertuig gebruik gemaak moet word.

6. VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE

- 6.1 Die keerdatum vir verslae en beskrywingspunte is **Dinsdag 12 Februarie 2019**.
- 6.2 **Reglement 2** (Reglement van Orde) bepaal:
- 12.4.2 *Sinodevergaderings*
- 12.4.2.1 *Voorstelle aan die sinode word ingedien deur sinodale diensgroepe en taakspanne, ringe, kerkrade en afgevaardigdes na die sinodevergadering.*
- 12.4.2.2 *Beskrywingspunte moet minstens drie maande voor die vergadering aan die skriba van die moderamen gestuur word. Beskrywingspunte wat nie drie maande voor die tyd die skriba bereik het nie, is nie ontvanklik vir die sinode nie.*
- 12.4.2.3 *Voorstelle of amendemente ten opsigte van aanbevelings en beskrywingspunte in die agenda van die sinode moet die skriba van die moderamen voor die aanvang van die sinode bereik.*

7. HULP EN VOORBIDDING

- 7.1 Afgevaardigdes word hartlik uitgenooi om hulle dienste aan te bied om by die sinodesitting se beplanning en voorafwerk betrokke te raak. Skakel gerus met die saakgelastigde in dié verband.
- 7.2 Intussen word elke gemeente en afgevaardigde versoek om vir die sinode se komende sitting voorbidding te doen.

Hartlike groete



Ds Bossie Minnaar
Saakgelastigde
021 957 7104
083 270 5211
bossie@kaapkerk.co.za